

DIE BOER: VAN BEDINGER TOT BEDELAAR IN 10 JAAR

**DEUR
DR PHILIP THEUNISSEN
COMPUTUS BESTUURSBURO**

Die Suid-Afrikaanse boer kom uit 'n agtergrond van beheerrade waartydens hy hoofsaaklik op produksie kon konsentreer terwyl die rade sy produkte vir hom bemark het. Hierdie situasie het dramaties verander en lynreg omgedraai toe die Wet op bemarking van landbouprodukte op 1 Januarie 1997 in werking getree het. Statutêre inmenging in landbouprodukte is toe afgeskaf en sedertdien moet die boer, in sy individuele hoedanigheid, self die bemarking van sy produkte hanteer.

Die proses om al die beheerrade af te skaf is in 1998 voltooi. Die Suid-Afrikaanse landboumarkte funksioneer sedertdien in 'n vrye markomgewing waar markkragte die enigste bepaler van prys is. Die prysstabilisasie van die beheerrade het plek gemaak vir fluktuierende pryse wat geleenthede sou bied waar die boer markinstrumente kon gebruik om die finansiële risiko's van sy produksieproses te verskans.

Die nuwe wet het die verwagting geskep dat 'n gedereguleerde mark meer effektief sou wees omdat dit tot 'n toename in deelnemers sou lei wat produsente en verbruikers kon bevoordeel. Daar is aangeneem dat die uitkoms nie beïnvloed sou kon word deur die magposisies van dominante rolspelers binne die mark nie. Hierdie aanname het egter gou soos mis voor die son verdwyn omdat maatskappye met magposisies juis vinnig 'n dominerende rol in die mark begin speel het. In die meeste gevalle is nie net die prosessering van landbouprodukte in die hande van enkele groot maatskappye gekonsentreer nie maar hierdie maatskappye het ook vertikale besit van die waardeketting geneem wat hulle in 'n posisie geplaas het om hulle eie kragte op verbruikers en produsente af te dwing.

Die sterk markposisie van die enkele groot voedselverwerkers het hulle in staat gestel om boere gyselaar te hou met pryse wat op internasionale markte geld terwyl plaaslike produksiekoste geen invloed op pryse uitoefen nie. Dit het 'n situasie laat ontstaan waar boere prysnemers van hulle produkte geword het omdat hulle onder die nuwe bemarkingswet geen kollektiewe bedingingsmag meer op die mark kan uitoefen nie.

Dieselfde situasie het mettertyd ook op die boer se insette van toepassing geraak. Silokapasiteit en kunsmis is voorbeelde van insette wat eweneens ook in enkele groot maatskappye se hande gekonsentreer is terwyl statutêre minimum lone die boer nie eers meer beheer oor sy arbeidskoste toelaat nie. Die boer is dus ook 'n prysnemer ten opsigte van 'n groot deel van sy insetkoste terwyl hy nie in die posisie is om addisionele koste by sy produk se prys te voeg nie. Kortom: hy bedel vir 'n aanvaarbare insetprys en hy bedel vir 'n aanvaarbare uitsetprys.

In so 'n bouse kringloop bly pryse binne internasionale ekonomiese siklusse lank genoeg laag totdat die terugbetaalvermoë van boere later 'n punt bereik waar die kritiese skuldmas van die meeste boerderye oorskry word. Boere se oorlewing word dan afhanklik van banke en agribesighede en hulle toekoms is nie meer in hulle eie hande nie. Hulle word deur kontrakgroeiprogramme gereduseer tot die verskaffers van grondstowwe aan 'n paar groot voedselverwerkers.

Hierdie onhoudbare knyptang lei daartoe dat landbougrond geleidelik eerder vir ander gebruike, soos wildsplase en gholflandgoedere, aangewend word omdat gewone kommersiële boerdery sy aantrekkingskrag verloor. Landbou in Suid-Afrika, en gevolglik die land se voedselsekuriteit, is dus 'n skip wat op 'n ysberg afstuur.

Die Mededingingskommissie het die afgelope tyd etlike landbouverwante gevalle van onreëlmatige praktyke in gevolg die Mededingingswet ondersoek:

- Premier Foods en Tiger Brands is reeds met miljoene rande beboet omdat hulle by pryssamespanning van brood betrokke was;
- In die suiwelbedryf word die negatiewe impak van enkele groot melkprosesseerders se magposisie op produsentepryse tans ondersoek en word uitspraak binnekort deur die tribunaal verwag;
- Met betrekking tot kunsmis is Sasol onlangs 'n boete van R250 miljoen opgelê vir sy erkenning van pryssamespanning terwyl dieselfde saak teen die ander twee beskuldigdes, Omnia en Yara, nog voortgaan;
- Daar is bevind dat Senwes die Mededingingswet oortree het met betrekking tot graanopberging;
- In die pluimveebedryf is bevind dat Astral sy dominante posisie misbruik het en betrokke was optrede waarin hy die Mededingingswet oortree het.

Dit is duidelik dat nóg die produsent nóg die verbruiker deur die nuwe bemerkingswet bevoordeel is. Die dominante markmagnate het eenvoudig die voorheen statutêre beheer op hulle eie begin toepas en die mark tot hulle eie voordeel beïnvloed. Die Amerikaanse Indiane het eeue gelede al 'n eenvoudige maar duidelike visie vir landbou gehad: "Feed the village, everyone in the village, and do so in a manner that disturbed nature as little as possible." Die nuwe bemerkingsbedeling het in tien jaar se tyd nie hieraan voldoen nie.